



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## RELIGIESTUDIES V1

## FEBRUARIE/MAART 2011

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B:

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Beantwoord enige TWEE vrae uit hierdie afdeling.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A

### VRAAG 1 (VERPLIGTEND)

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1 – 1.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.1.1 Die Afrika Tradisionele Godsdiens glo nie aan God die Skepper nie. (2)

1.1.2 Boeddhisme kan in drie hoofvertakkings verdeel word. (2)

1.1.3 In die Afrika Tradisionele Godsdiens is God nie kenbaar soos wat jy 'n vriend sal ken nie. (2)

1.1.4 In die Baha'i-geloof is God beperk deur die wette en verhoudinge wat mense in hul werklikheid ondervind. (2)

1.1.5 Die Baha'i beskou Jesus as een van die manifestasies van God. (2)

1.2 Definieer kortliks die volgende konsepte in die konteks van godsdiens:

1.2.1 Lering (4)

1.2.2 Geloof/Oortuiginge (4)

1.2.3 Gelykenis (4)

1.2.4 Ideologie (4)

1.2.5 Allegorie (4)

1.3 Kies 'n item uit KOLOM B om by 'n woord/beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A – E) langs die vraagnommer (1.3.1 – 1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.3.6 F.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.3.1 Ateïsme | A verering van die voorvaders |
| 1.3.2 Drie-eenheid | B elke aksie het 'n gevolg |
| 1.3.3 Afrika Tradisionele Godsdiens | C ontkenning van die nuttigheid van godsdiens |
| 1.3.4 Karma | D streng navolging van geskrifte of leringe |
| 1.3.5 Ortodoks | E God manifesteer as drie persone |

(5 x 2) (10)

1.4 Definieer die konsep *normatiewe bron*. (4)

1.5 Verduidelik, in DRIE sinne, die rol van voorvaders in die Afrika Tradisionele Godsdiens. (6)

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die vier vrae in hierdie afdeling.

### VRAAG 2

2.1 Bespreek kortliks die volgende konsepte in die konteks van godsdiens:

2.1.1 Vergelykbaarheid (6)

2.1.2 Eendersheid (6)

2.1.3 Verskillendheid (6)

2.2 Skryf die gemeenskaplike kenmerke van Hindoeïsme en Boeddhisme neer. (10)

2.3 Verduidelik, in EEN sin, die konsep *sekularisme*. (2)

2.4 Bespreek kortliks TWEE van die drie vertakkinge van Boeddhisme. (20)
**[50]**

### VRAAG 3

3.1 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Die meeste godsdienste sal die Handves van Menseregte, soos vasgelê in Hoofstuk 2 van die Suid-Afrikaanse Konstitusie, onderskryf. Hulle sal in meerdere mate saamstem met artikels wat handel oor godsdiensvryheid, vryheid van spraak en verwante artikels. Hierdie regte gaan egter saam met verantwoordelikhede.
>
> Daar was onlangs regoor die land gewelddadige protesoptrede toe mense hulle ontevredenheid oor dienslewering uitgespreek het. Party mense het gesterf en eiendom is vernietig.

3.1.1 As 'n godsdienstige jeugleier, hoe sou jy kortliks die jeug van ander godsdienste in Suid-Afrika raad gee oor hoe om regte en verantwoordelikhede tydens jeugaktiwiteite te balanseer? (10)

3.1.2 Verduidelik kortliks die konsep *godsdiensvryheid* en gee 'n voorbeeld daarvan. (10)

3.2 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Mediadekking moet uiters sensitief wees wanneer kwessies waar openbare mening baie kan verskil, byvoorbeeld in politiek en godsdiens, hanteer word. Daar word steeds oor die herinstelling van die doodstraf in Suid-Afrika gedebatteer. Hierdie debat het beide politieke en godsdienstige implikasies. Let egter daarop dat 'n standpunt deur die media meer dikwels die standpunt van 'n individu is.
>
> [Bron onbekend]

3.2.1 Verduidelik kortliks die invloed op godsdiens van onverantwoordelike of verantwoordelike mediaverslagdoening oor wat in die samelewing aangaan, veral oor godsdiensverwante kwessies. (10)

3.2.2 Kies EEN godsdiens en bespreek hulle beskouing oor die doodstrafdebat in die Suid-Afrikaanse konteks. (10)

3.3 Kies EEN van die volgende godsdienste (3.3.1 of 3.3.2) en verduidelik hoe dit prakties betrokke is by die bevordering van godsdiensvryheid, menseregte en verantwoordelikhede:

3.3.1 Boeddhisme

3.3.2 Judaïsme (10)

**[50]**

**VRAAG 4**

4.1 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Mites, oortuiginge/gelowe, leerstellinge/doktrines, dogma en ideologie is almal aspekte van godsdienstige leringe wat effens in betekenis verskil. Almal verwys na die intellektuele, rasionele of filosofiese gedeelte van godsdiens en na die kodering en oordra van godsdienstige betekenis en waarhede.
>
> [Vertaal uit: *Shuters Religion Studies Grade 12*]

In die lig van die uittreksel hierbo, bespreek kortliks die volgende konsepte soos van toepassing in godsdienstige leringe:

4.1.1 Mite (10)

4.1.2 Leerstelling/Doktrine (10)

4.1.3 Dogma (10)

4.2 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Godsdiens is 'n sosiale aktiwiteit wat deur baie mense in verskillende kontekste beoefen word. Vir party mense is dit nie so nie. Hulle beskou hulself as nie-religieus/nie-godsdienstig. 'n Ander manier om na hulle te verwys is om te sê dat hulle 'n sekulêre lewensbeskouing het.

4.2.1 Hoe sou jy onderskei tussen *religieuse* en *nie-religieuse* mense? (8)

4.2.2 Beskryf die uniekheid van die Baha'i-geloof. (12)

**[50]**

## VRAAG 5

5.1 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Gewelddadige godsdienstige botsings het op 21 Februarie in die stad Kaduna in Noord-Nigerië uitgebreek en dwarsdeur die week voortgeduur. Kaduna is die tweede grootste stad in die noorde. Die botsings het gevolg na 'n opmars deur tienduisende Christene om te protesteer teen 'n voorstel dat die Moslem Sharia-wet as die strafwetboek in die Kaduna-staat ingestel word.
>
> Verslae noem dat strydende gewapende bendes, bestaande uit Christene en Moslems, in die strate ronddwaal. Kerke en moskees is aan die brand gesteek. Lyke is in die strate gesien lê en menseliggame het ook uit motors en busse gehang, skynbaar gedood terwyl hulle probeer het om van die geweld te vlug. Plaaslike menseregtewerkers het gesê dat meer as 400 mense as gevolg van die botsings gesterf het.
>
> [Bron: Barry Mason en Chris Talbot, 28 Februarie 2000]

5.1.1 Dink jy dat godsdiens die werklike probleem in hierdie konflik is? Gee redes vir jou antwoord. (10)

5.1.2 Ontwikkel 'n strategie wat gebruik kan word as 'n oplossing vir die bestaande konflik in Noord-Nigerië. (10)

5.1.3 Verduidelik hoe godsdiens deel kan wees van die oplossing om konflik in gebiede wat deur geweld geraak word, te voorkom. (10)

5.2 Analiseer EEN sekulêre wêreldbeskouing en bespreek die interaksie daarvan met godsdiens. (20)
**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 100**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou